<u>Inleidend – waarom juis korporatiewe (gesamentlike) gebed.</u>

Daar is iets besonders aan gesamentlike gebed. In die geestelike realm dra dit baie meer krag as 10 mense moeite doen om saam te kom om te bid, as wat dieselfde 10 elkeen afsonderlik by sy eie huis sit en bid. Daar is talle voorbeelde hiervan in die skrif:

- Toe Pinkster dag aangebreek het, was die dissipels (en andere) saam eendragtig in gebed. (Handelinge 2)
- Toe Petrus wonderbaarlik uit die tronk bevry is, was die gelowiges saam by die huis van Maria in gebed. (Handelinge 12)
- Charles Spurgeon skryf: "*The prayer-meeting is an institution which ought to be very precious to us, and to be cherished by us as a Church, for to it we owe everything. When our comparatively little chapel was all but empty, was it not a well-known fact that the prayer-meeting was always full! It is in the spirit of prayer that our strength lies; and if we lose this, the hair will be cut off from Samson's head, and God's Holy Church will become weak as water*"

Sosiale media het dit maklik (miskien te maklik) vir ons gemaak om ons gebedsversoeke binne sekondes aan groot getalle mense uit te stuur. Dikwels neem ons aan dat daar dieselfde krag in ons aparte gebede le, as in gesamentlike gebed. Ek het geen twyfel dit is glad nie die geval nie. As 'n saak ernstig genoeg is om as 'n gebedsversoek deurgegee te word, is dit ernstig genoeg om oor bymekaar te kom vir gesamentlike gebed. Anders was al die moeite wat ons 22 April 2017 gedoen het om saam te kom in Bloemfontein tevergeefs. Ons kon mos elkeen alleen by sy eie huis of kerk gebid het, nie waar nie?

Nee - die skrif en die kerk geskiedenis stem saam – kragtige antwoorde op gebed en landwye herlewing kom wanneer gelowiges moeite doen om tyd te spandeer in gesamentlike gebed! Miskien vra iemand – Is daar dan geen sin in uitstuur van gebedsversoeke nie? Natuurlik nie, die skrif beveel ons om mekaar se laste in gebed te dra. Elkeen bid daagliks aan huis vir versoeke, soos die HG dit op sy/haar hart le. Individuele gebed vul ons gesamentlike gebed byeenkomste aan, maar dit kan dit nooit vervang nie!

Seënwense

Moreletapark Gemeente gebed bediening